10 September 2004
Volume 2, Issue 4

# Informa Express

*Universiteit van die Vrystaat --- University of the Free State --- Yunivesithi ya Freistata*

## Bevorder



*Dr. Groenewald.*

**Dr. I.B. Groenewald**, die Direkteur van die Sentrum vir Volhoubare Landbou, is bevorder tot medeprofessor.

## Aangestel

**Dr. R.P. Reyneke** is aangestel as Departementele Voorsitter van die Departement Maatskaplike werk met ingang 1 Januarie 2005 vir 'n tydperk van 3 jaar.

***Contact us with news:***
Leonie Bolleurs 2707
Anton Fisher 2749
Lacea Loader 2584
Karen Minnaar 3422
Tebogo Moraka 9332
Leatitia Pienaar 9188
Hannes Pieterse 3502
Tumi Tabane 2828
Informa.stg@mail.uovs.ac.za

# Revised budget: 2004

The university is entering a phase in which the subsidy benefits of the growth in student numbers is leveling off, said the Rector and Vice-Chancellor, Prof. Frederick Fourie.

He said budget constraints in the Department of Education has forced them to limit growth in subsidy payments for the entire higher-education system in the coming years, after which growth of only approximately 2% will be allowed.

This will inevitably have a negative impact on the UFS's budget for 2005 as well as later years. The UFS faces a period of no growth or very slow growth in the funds available for total personnel remuneration, goods and services and other expenditure. This follows relatively large in-creases in the past three years as a result of the financial turn-around strategy.

Prof. Fourie made these comments during a discussion of the revised 2004 budget at the Executive Management meeting on Monday 6 September 2004.

According to Prof. Fourie, the 2005 budget will only be finalised in November once there is greater certainty about the 2005 subsidy from the Department of Education. Negotiations with the department are under way to obtain the best possible subsidy level for the UFS.



*Prof. Frederick Fourie*.

# Many graduate in September

The UFS will award 423 degrees and 267 diplomas on Wednesday 22 September 2004 during this year's spring graduation ceremony.

Twenty five doctorates and three honorary doctorates will also be awarded.

The honorary doctorandi are Dr Calvin Seerveld (D. Phil (hc)), Prof. Y.K. Seedat (MD (hc)) and Dr Mary Seely (D. Sc (hc)).

Dr Seerveld will be awarded for his academic leadership at the Institute for Christian Studies in Toronto and the wide international recognition he has received throughout his career in various subject areas, e.g. philosophical aesthesia, the theory of art, the methodology of the description of the history of art and continental philosophy.

Prof. Seedat will be awarded for his extraordinary contribution to medicine in South Africa. His research in the field of hypertension in blacks received international recognition and significantly contributed to the understanding of the patho-physiology of this condition. In the mid-eighties he was instrumental in supporting the bid from the Faculty of Medicine at the UFS to host the first Colleges of Medicine of South Africa examination in Bloemfontein. This started a tradition that is still being maintained.

Dr Mary Seely, Executive Director of the Desert Research Foundation of Namibia, is honored for the impact she has made on the development of environmental management in the drier parts of the southern African subcontinent. Though her research has been concentrated in Namibia, she has affected the professional lives of large numbers of ecologists, environmental scientists and environmental managers.

Another last group will be receiving their honorary doctorates in October 2004.

## Acting Departmental Chairperson

**Prof. C.A. Willemse** will act as Departmental chairperson of the Department of Medical Physics for three months as from 1 September 2004, with possible extension of the period should the need arise.

## Promoted

**Dr J.A. de Beer,** Lecturer in the Department of Economics at the Vista campus, has been promoted to Senior Lecturer.

# Hersiene begroting: 2004

Die universiteit betree 'n fase waar die subsidievoordele van groei in studentegetalle besig is om af te plat, volgens die Rektor en Vise-kanselier, Prof. Frederick Fourie.

Finansiële beperkings in die nasionale begroting noop die Departement van Onderwys om verdere groei in die subsidie van die hele hoër-onderwysstelsel te bevries vir 'n paar jaar, waarna slegs groei van ongeveer 2% toegelaat sal word.

Prof. Fourie sê dit sal onvermydelik die UV se begrotingsposisie vir 2005 en daarna ook baie moeiliker maak. 'n Tydperk van nie-groeiende of baie stadig groeiende fondse vir totale personeelvergoeding, voorrade en dienste en ander besteding lê vir die UV voor. Dit volg nadat daar die afgelope drie jaar telkens relatief groot stygings in besteding moontlik was as gevolg van die finansiële draaistrategie. Personeel, fakulteite en steundiensafdelings moet dit verreken in hul beplanning en verwagtinge.

Hy het hierdie opmerkings gemaak tydens 'n bespreking van die hersiene begroting vir 2004 by die vergadering van die Uitvoerende Bestuur (UB).

Volgens prof. Fourie sal die 2005-begroting eers in November gefinaliseer kan word nadat groter sekerheid oor die 2005-subsidie van die Department van Onderwys ontvang is. Daar word tans indringend met die departement onderhandel om die bes moontlike subisidebedeling vir die UV te bewerkstellig.

## Reiskostevergoeding

Die UB het besluit om 'n eenvormige tarief – van R2,10 per kilometer – vir alle amptelike ritte met 'n privaatmotorvoertuig te betaal.

Die verhoogde tarief tree onmiddellik in werking en word ongeag die enjin-kapasiteit van die motorvoertuig betaal.

Personeel moet self die belastingimplikasie van die verhoogde tarief verreken en moet ook self hul voertuig vir besigheidsdoeleindes verseker.

Skakel vir meer inligting mnr. Gert Aucamp by x2412.

## Eagle's Nest

The EM has accepted a recommendation by the Naming Committee regarding a name for the accommodation complex created from the conversion of the old squash courts on campus.

The accommodation complex – which is used by the Free State Cricket Academy – will be known as Eagle's Nest.

# Beveg korrupsie, bedrog en wanbestuur op kampus

Die UBD het hom sterk teen alle vorme van korrupsie uitgespreek en hom voorgeneem om elke geval met diskresie te hanteer. Die volgende menings is uitgespreek:

- Dat as riglyn sal geld om binne bestaande beleid en prosedures so sterk en konsekwent moontlik op te tree.
- Optredes sal daarop gerig wees om die voorkoms van korrupsie te ontmoedig.
- Die universiteit se naam en kredietwaardigheid en die eer van die persoon is op die spel.
- Kriminele en siviele optrede is nie uitgesluit as 'n persoon skuldig bevind word nie.
- Bedanking en/of terugbetaling van geld dien ook nie as vrywaring teen optrede nie.

Om te demonstreer dat erns met bogenoemde gemaak word, is 'n studente-assistent onlangs weens die wanbestuur van fondse aangekla. Die persoon moes die bedrag terugbetaal en is verder met R2 000 beboet.

Die student staar onmiddellike ontslag in die gesig indien hy/sy weer aan wanbestuur van fondse of soortgelyke wangedrag skuldig bevind word.